

Dinsdag 19 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 8:1-10

Fokusgedeelte: Psalm 8:2

Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde!

Hierdie is seker van die mooiste woorde in die Bybel. Dawid roep die Naam van God uit as *Here, ons Here*. In die oorspronklike taal, *Almagtige Verbondsgod*. En Dawid sê: *Wonderbaar is u Naam*, want groot en wyd en kragtig is inderdaad die gewaarwording wat 'n mens kry as jy na God se werke kyk in die hemel en op die aarde!

Die hemel is wyd en glansryk, en alles wat ons daarin kan raaksien, verkondig die almag en die grootsheid van God. Hy het alles daarin gemaak en aan elke hemelliggaam 'n plek gegee. Ja, die ganse hemelruim is 'n kunswerk wat die wonderbaarlike Naam van God verkondig!

Ook die aarde en alles wat daarop is, verkondig die heerlikheid van God. Kleinvee en grootvee, die visse, voëls en wilde diere, alles getuig van die kunstenaarshande van God Almagtig! Daarom kan ook die mens, as kroon van God se skepping, nie anders as om die wonders van God in die hemel en op die aarde te besing nie! God het die mens net 'n bietjie minder as die hemelse wesens gemaak en met eer en aansien gekroon, met die roeping om te heers oor alles wat Hy gemaak het!

En tog, alhoewel alles in die hemel en op die aarde nog aan hulle skeppingsdoel beantwoord, is dit tragies genoeg juis die mens wat gefaal het. Die mens se hoogmoed het juis sy dwaasheid geword!! Die sondeval het die mens beroof van sy verwondering vir God en gevolglik ly ook die skepping onder die sonde van die mensdom.

Daarom stuur God sy eie Seun, Jesus Christus, as Herskepper, sodat die gevalle mens *in en deur Hom* weer tot ware kennis en aanbidding van God kan kom! En getuig ons vandag steeds: *Hoe wonderbaar is oor die ganse aarde, die Naam van Jesus Christus ons Here!*

Sing: Psalm 8-1:1-5

Ds. OJ Struwig (Ockie) (Frankfort)